

REPUBLIEK  
VAN  
SUID-AFRIKA



REPUBLIC  
OF  
SOUTH AFRICA

# Staatskoerant Government Gazette

*Regulasiekoerant  
Regulation Gazette*

**No. 5191**

Vol. 341

PRETORIA, 12 NOVEMBER 1993

**No. 15258**

## GOEWERMENSKENNISGEWINGS

### DEPARTEMENT VAN LANDBOU

**No. R. 2136**                      **12 November 1993**

WET OP DRANKPRODUKTE, 1989  
(WET No. 60 VAN 1989)

TOEPASSING VAN SEKERE BEPALINGS MET  
BETREKKING TOT DIE VERKOOP VAN LAND-  
GOEDBRANDEWYN

Ek, André Isak van Niekerk, Minister van Landbou, handelende kragtens artikel 11 (3) (c) van die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet No. 60 van 1989), verklaar hierby die bepalings van artikel 11 (3) (a) (i) en (v) van genoemde Wet van toepassing op potketelbrandewyn, brandewyn en vintage-brandewyn bedoel in die regulasies kragtens genoemde Wet uitgevaardig, vir sover genoemde bepalings betekking het op die gebruik van—

- (a) die naam van 'n landgoed wat ingevolge die Wyn van Oorsprongskema gepubliseer by Goewermenskennisgewing No. R. 1434 van 19 Junie 1990, soos gewysig, omskryf is; en
- (b) die woorde "landgoed" en "estate", of 'n vertaling van enigeen van genoemde woorde in enige taal hoegenaamd, of enige woord of uitdrukking wat in so 'n mate met enigeen van genoemde woorde of 'n vertaling daarvan ooreenkom dat dit sal mislei of waarskynlik kan mislei.

**A. I. VAN NIEKERK,**  
Minister van Landbou.

## GOVERNMENT NOTICES

### DEPARTMENT OF AGRICULTURE

**No. R. 2136**                      **12 November 1993**

LIQUOR PRODUCTS ACT, 1989  
(ACT No. 60 OF 1989)

APPLICATION OF CERTAIN PROVISIONS WITH  
REGARD TO THE SALE OF ESTATE BRANDY

I, André Isak van Niekerk, Minister of Agriculture, acting under section 11 (3) (c) of the Liquor Products Act, 1989 (Act No. 60 of 1989), hereby declare the provisions of section 11 (3) (a) (i) and (v) of the said Act applicable to pot still brandy, brandy and vintage brandy referred to in the regulations made under the said Act, in for far as the said provisions relate to the use of—

- (a) the name of an estate defined in terms of the Wine of Origin Scheme published by Government Notice No. R. 1434 of 19 June 1990, as amended; and
- (b) the words "estate" and "landgoed", or a translation of any of the said words in any language whatsoever, or any word or expression that so resembles any of the said words or a translation thereof that is will deceive or is likely to deceive.

**A. I. VAN NIEKERK,**  
Minister of Agriculture.

**No. R. 2137****12 November 1993**WET OP DRANKPRODUKTE, 1989  
(WET No. 60 VAN 1989)

## LANDGOEDBRANDEWYNSKEMA

Ek, André Isak van Niekerk, Minister van Landbou, handelende kragtens artikel 14 van die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet No. 60 van 1989), op aanbeveling van die Wyn- en Spiritusraad bedoel in artikel 2 van genoemde Wet, stel hierby die Skema in die Bylae uiteengesit, in.

**A. I. VAN NIEKERK,**  
Minister van Landbou.

**BYLAE****Woordomskrywing**

1. In hierdie Skema, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“**brandewyn**” spiritualieë van die klasse wat in die regulasies kragtens die Wet uitgevaardig, as potketelbrandewyn, brandewyn en vintage-brandewyn beskryf is;

“**deelnemer**” iemand wat landgoedbrandewyn produseer;

“**die raad**” die Wyn- en Spiritusraad in artikel 2 van die Wet bedoel;

“**die Wet**” die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet No. 60 van 1989), en ook die regulasies daarkragtens uitgevaardig;

“**distillaat**” die produk verkry deur die distillering van—

(a) wyn;

(b) 'n mengsel bestaande uit wyn en 'n distillaat van wyn; of

(c) 'n distillaat wat ingevolge paragraaf (a) of (b) verkry is;

“**distillaatrekord**” 'n distillaatrekord wat ingevolge artikel 12 of 14 van hierdie Skema aan 'n deelnemer uitgereik is;

“**druive**” vrugte van plante van *Vitis vinifera*;

“**hoofetiket**” die mees prominente etiket op 'n houër waarin landgoedbrandewyn verkoop word of, indien twyfel bestaan oor watter een die mees prominente is, die etiket wat die grootste oppervlakte het;

“**landgoed**” 'n landgoed wat ingevolge artikel 11 van die Wyn van Oorsprong-skema omskryf is of wat ingevolge artikel 15 (2) van die Wet geag word uit hoofde daarvan omskryf te wees;

“**landgoedbrandewyn**” brandewyn wat met die oog op die sertifisering daarvan geproduseer word;

“**magtiging**” 'n magtiging vir die pars van druive wat ingevolge artikel 7 van hierdie Skema verleen is of geag word daarkragtens verleen te wees;

**No. R. 2137****12 November 1993**LIQUOR PRODUCTS ACT, 1989  
(ACT No. 60 OF 1989)

## ESTATE BRANDY SCHEME

I, André Isak van Niekerk, Minister of Agriculture, acting under section 14 of the Liquor Products Act, 1989 (Act No. 60 of 1989), on the recommendation of the Wine and Spirit Board referred to in section 2 of the said Act, hereby establish the Scheme set out in the Schedule.

**A. I. VAN NIEKERK,**  
Minister of Agriculture.

**SCHEDULE****Definitions**

1. In this Scheme, unless the context otherwise indicates—

“**authority**” means an authority for the pressing of grapes that was granted in terms of section 7 of this Scheme or is deemed to have been granted thereunder;

“**blending sheet**” means a blending sheet issued to a participant in terms of section 11 (2) of this Scheme; •

“**brandy**” means spirits of the classes that are described in the regulations made under the Act as pot still brandy, brandy and vintage brandy;

“**certify**” means authorisation by the board for the use, in connection with the sale of estate brandy, of the particulars referred to in section 5 of this Scheme; and “certification” has a corresponding meaning;

“**distillate**” means the product obtained through the distillation of—

(a) wine;

(b) a mixture consisting of wine and a distillate of wine; or

(c) a distillate obtained in terms of paragraph (a) or (b);

“**distillate record**” means a distillate record issued to a participant in terms of section 12 or 14 of this Scheme;

“**estate**” means an estate which is defined in terms of section 11 of the Wine of Origin Scheme or is in terms of section 15 (2) of the Act deemed to be defined by virtue thereof;

“**estate brandy**” means brandy produced with a view to the certification thereof;

“**grapes**” means fruit of plants of *Vitis vinifera*;

“**main label**” means the most prominent label on a container in which estate brandy is sold or, if doubt exists as to which one is the most prominent, the label having the largest area;

“**oorsprong**”, met betrekking tot landgoedbrandewyn, die landgoed waarop die druiwe wat gebruik is om daardie landgoedbrandewyn te produseer, geoes is;

“**Produseer**”, met betrekking tot landgoedbrandewyn, ook die verwerking van druiwe tot wyn, die distillering van wyn en die distillaat daarvan verkry, die veroudering van sodanige distillaat, die byvoeging of verwydering van toelaatbare stowwe by of uit sodanige distillaat, die vermenging van verskillende distillate en die verdunning van die vermengde produk; en het “**produksie**” en “**geproduseer**” ’n ooreenstemmende betekenis;

“**produksiestaat**” ’n produksiestaat wat ingevolge artikel 7 (4) van hierdie Skema aan ’n deelnemer uitgereik is;

“**sertifiseer**” magtiging deur die raad vir die gebruik, in verband met die verkoop van landgoedbrandewyn, van die besonderhede in artikel 5 van hierdie Skema bedoel; en het “**sertifisering**” ’n ooreenstemmende betekenis;

“**vermengingstaat**” ’n vermengingstaat wat ingevolge artikel 11 (2) van hierdie Skema aan ’n deelnemer uitgereik is;

“**wyn**” die gegiste sap van druiwe;

“**wynrekord**” ’n wynrekord in artikel 8 (3) (d) van hierdie Skema bedoel; en

“**Wyn van Oorsprong-skema**” die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskenning No. R. 1434 van 29 Junie 1990, soos van tyd tot tyd gewysig.

#### **Naam van skema**

2. Hierdie Skema heet die Landgoedbrandewynskema.

#### **Oogmerke van Skema**

3. Die oogmerke van hierdie Skema is—

- (a) om as basis vir die uitbouing van die eiesoortigheid en gehalte van landgoedbrandewyn te dien; en
- (b) die korrektheid van die oorsprong van landgoedbrandewyn te bevestig.

#### **Toepassing van Skema**

4. Hierdie Skema is van toepassing op die klasse spiritueel wat in die regulasies kragtens die Wet uitgevaardig, as potketelbrandewyn, brandewyn en vintage-brandewyn beskryf is.

#### **Magtiging vir die gebruik van sekere besonderhede**

5. Die gebruik van die volgende besonderhede in verband met die verkoop van landgoedbrandewyn kan deur middel van sertifisering gemagtig word:

- (a) Die naam van ’n landgoed.
- (b) Die woorde “landgoed” en “estate”.

“**origin**”, with regard to estate brandy, means the estate on which the grapes used to produce that estate brandy have been harvested;

“**participant**” means a person who produces estate brandy;

“**produce**”, with regard to estate brandy, includes the processing of grapes into wine, the distillation of wine and the distillate obtained therefrom, the maturation of such distillate, the addition or removal of permissible substances to or from such distillate, the blending of different distillates and the dilution of the blended product; and “**production**” and “**produced**” have a corresponding meaning;

“**production sheet**” means a production sheet issued to a participant in terms of section 7 (4) of this Scheme;

“**the Act**” means the Liquor Products Act, 1989 (Act No. 60 of 1989), and also the regulations made thereunder;

“**the board**” means the Wine and Spirit Board referred to in section 2 of the Act;

“**wine**” the fermented juice of grapes;

“**Wine of Origin Scheme**” means the Wine of Origin Scheme published by Government Notice No. R. 1434 of 29 June 1990, as amended from time to time; and

“**wine record**” means a wine record referred to in section 8 (3) (d) of this Scheme.

#### **Name of Scheme**

2. This Scheme shall be known as the Estate Brandy Scheme.

#### **Objects of Scheme**

3. The objects of this Scheme are—

- (a) to serve as a basis for the development of the distinctiveness and quality of estate brandy; and
- (b) to confirm the correctness of the origin of estate brandy.

#### **Application of Scheme**

4. This Scheme shall apply to the classes of spirits described in the regulations made under the Act as pot still brandy, brandy and vintage brandy.

#### **Authority for the use of certain particulars**

5. The use of the following particulars in connection with the sale of estate brandy may be authorised by means of certification:

- (a) The name of an estate.
- (b) The words “estate” or “landgoed”.

**Voorwaardes vir sertifisering**

**6.** (1) Landgoedbrandewyn kan gesertifiseer word indien—

- (a) die inhoud daarvan, behoudens die bepalings van subartikel (2), uit distillate bestaan wat van druiwe geproduseer is wat op die betrokke landgoed geoes is;
- (b) die druiwe in paragraaf (a) bedoel, uit hoofde van 'n magtiging en in ooreenstemming met die vereistes in artikel 8 van hierdie Skema uiteengesit, gepars is;
- (c) die wyn wat van sodanige druiwe verkry is, aan die vereistes in artikel 12 (1) (a) (ii) van hierdie Skema uiteengesit, voldoen;
- (d) die bepalings van artikel 12 van hierdie Skema met betrekking tot die distillering van sodanige wyn nagekom is;
- (e) die toepaslike vereistes in artikel 13 van hierdie Skema uiteengesit, in verband daarmee nagekom is;
- (f) die houters van daardie landgoedbrandewyn aan die vereistes in artikel 15 van hierdie Skema uiteengesit, voldoen;
- (g) daardie landgoedbrandewyn ooreenkomstig die bepalings van artikel 16 van hierdie Skema gebottel is;
- (h) die etikette op die houters van daardie landgoedbrandewyn ingevolge artikel 17 van hierdie Skema goedgekeur is;
- (i) 'n seël in artikel 18 van hierdie Skema bedoel, aan elke houer van daardie landgoedbrandewyn geheg is;
- (j) die toepaslike kennisgewings, toestemmings, aantekeninge en voorwaardes ooreenkomstig die bepalings van hierdie Skema verstrek, verkry, aangeteken of nagekom is; en
- (k) al die ander bepalings van hierdie Skema met betrekking tot die betrokke landgoedbrandewyn nagekom is.

(2) Hoogstens 10 persent, bereken op die grondslag van absolute alkohol, van die inhoud van 'n landgoedbrandewyn kan uit distillate bestaan wat nie op die betrokke landgoed geproduseer is nie.

(3) Landgoedbrandewyn wat opgemaak is uit distillate wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Skema gedistilleer is, kan ook gesertifiseer word indien die betrokke deelnemer die raad oortuig dat die toepaslike vereistes van hierdie Skema wesentlik met betrekking tot daardie landgoedbrandewyn nagekom is: Met dien verstande dat geen landgoedbrandewyn voor 1 Januarie 1994 aldus gesertifiseer mag word nie.

**Magtiging om druiwe te pars**

**7.** (1) 'n Aansoek om 'n magtiging moet op 'n vorm gedoen word wat vir dié doel van die raad verkrygbaar is.

(2) So 'n aansoek moet minstens 30 dae voor die verwagte datum waarop die pars van die betrokke druiwe 'n aanvang sal neem, by die raad ingedien word.

**Conditions for certification**

**6.** (1) Estate brandy may be certified if—

- (a) the contents thereof, subject to the provisions of subsection (2), consist of distillates produced from grapes harvested on the estate concerned;
- (b) the grapes referred to in paragraph (a) were pressed by virtue of an authority and in accordance with the requirements set out in section 8 of this Scheme;
- (c) the wine obtained from such grapes complies with the requirements set out in section 12 (1) (a) (ii) of this Scheme;
- (d) the provisions of section 12 of this Scheme with regard to the distillation of such wine have been complied with;
- (e) the applicable requirements set out in section 13 of this Scheme have been complied in connection therewith;
- (f) the containers of that estate brandy comply with the requirements set out in section 15 of this Scheme;
- (g) that estate brandy have been bottled in accordance with the provisions of section 16 of this Scheme;
- (h) the labels on the containers of that estate brandy have been approved in terms of section 17 of this Scheme;
- (i) a seal referred to in section 18 of this Scheme is affixed to each container of that estate brandy;
- (j) the applicable notices, permissions, records and conditions have been furnished, obtained, kept or complied with in accordance with the provisions of this Scheme; and
- (k) all the other provisions of this Scheme with regard to the estate brandy concerned have been complied with.

(2) Up to 10 per cent, calculated on the basis of absolute alcohol, of the contents of an estate brandy may consist of distillates that have not been produced on the estate concerned.

(3) Estate brandy compounded of distillates that have been distilled prior to the date of commencement of this Scheme may also be certified if the participant concerned satisfies the board that the applicable provisions of this Scheme have been complied with materially with regard to that estate brandy: Provided that no estate brandy shall be thus certified before 1 January 1994.

**Authority to press grapes**

**7.** (1) An application for an authority shall be made on a form obtainable from the board for this purpose.

(2) Such application shall be lodged with the board at least 30 days prior to the expected date on which the pressing of the grapes concerned will commence.

(3) Die toepaslike geld wat die raad vir dié doel bepaal, is ten opsigte van so 'n aansoek betaalbaar.

(4) Indien die raad so 'n aansoek goedkeur—

- (a) moet 'n produksiestaat van die betrokke deelnemer uitgereik word;
- (b) dien sodanige produksiestaat as magtiging vir die pars van die druive daarop aangedui; en
- (c) moet die betrokke deelnemer die besonderhede wat ingevolge hierdie Skema of deur die raad vereis word, op daardie produksiestaat aanteken.

(5) Indien druive wat uit hoofde van 'n magtiging ingevolge die Wyn van Oorsprong-skema uitgereik, gepars is met die oog op die produksie van 'n landgoedwyn soos in genoemde Skema omskryf, vir die produksie van landgoedbrandewyn gebruik word, word sodanige magtiging geag ingevolge hierdie artikel verleen te wees.

#### **Pars van druive**

**8.** (1) (a) Alle prosesse in verband met die pars en verdere verwerking van druive ten opsigte waarvan 'n magtiging uitgereik is, tot wyn moet in 'n kelder op die betrokke landgoed uitgevoer word.

(b) So 'n kelder mag nie vir enige ander doel gebruik word as om druive wat op die betrokke landgoed geoes is, tot druivesap, wyn of brandewyn te verwerk nie.

(2) (a) 'n Deelnemer moet die raad minstens een werksdag vooraf in kennis stel van die datum waarop die pars van die betrokke druive 'n aanvang sal neem.

(b) So 'n kennisgewing moet ook—

- (i) die verwysingsnommer van die produksiestaat wat ten opsigte van die betrokke druive uitgereik is, aandui;
- (ii) die benaming van die druifcultivar van die betrokke druive aandui; en
- (iii) die adres van die perseel aandui waar die betrokke druive gepars sal word.

(3) 'n Deelnemer moet—

- (a) deur die loop van elke werksdag die toepaslike besonderhede in verband met die druive wat gedurende daardie werksdag gepars is, in tweevoud aanteken op 'n parsregister wat vir dié doel deur die raad goedgekeur is;
- (b) daagliks die totale massa van die druive waarvan besonderhede aldus aangeteken is, bepaal en sodanige totaal op die betrokke parsregister aanteken;
- (c) die tersaaklike besonderhede op die betrokke produksiestaat aanteken; en
- (d) 'n wynrekord wat vir die doel deur die raad goedgekeur is, ten opsigte van die mos en wyn wat van die betrokke druive verkry is, byhou.

(3) The applicable fee determined by the board for this purpose shall be payable in respect of such application.

(4) If the board approves such application—

- (a) a production sheet shall be issued to the applicant concerned;
- (b) such production sheet shall serve as authority for the pressing of the grapes specified thereon; and
- (c) the participant concerned shall record the particulars required in terms of this Scheme or by the board, on that production sheet.

(5) If grapes pressed by virtue of an authority issued in terms of the Wine of Origin Scheme with a view to the production of an estate wine as defined in the said Scheme are used for the production of estate brandy, such authority shall be deemed to have been granted in terms of this section.

#### **Pressing of grapes**

**8.** (1) (a) All processes in connection with the pressing and further processing of grapes in respect of which an authority was issued, to wine shall be performed in a cellar on the estate concerned.

(b) Such cellar shall not be used for any purpose other than to process grapes harvested on the estate concerned into grape juice, wine or brandy.

(2) (a) A participant shall notify the board at least one working day beforehand of the date on which the pressing of the grapes concerned will commence.

(b) Such notice shall also specify—

- (i) the reference number of the production sheet issued in respect of the grapes concerned;
- (ii) the designation of the vine cultivar of the grapes concerned; and
- (iii) the address of the premises at which the grapes concerned will be pressed.

(3) A participant shall—

- (a) during the course of each working day record the applicable particulars in connection with the grapes pressed during that working day in duplicate on a press register approved by the board for this purpose;
- (b) daily determine the total mass of the grapes of which particulars were thus recorded, and record such total on the press register concerned;
- (c) record the relevant particulars on the production sheet concerned; and
- (d) maintain a wine record approved by the board for this purpose, in respect of the must and wine obtained from the grapes concerned.

(4) (a) Afsonderlike bladsye van 'n parsregister in subartikel (3) (a) bedoel, moet gebruik word om die besonderhede ten opsigte van druiwe aan te teken wat uit hoofde van verskillende magtigings gepars is.

(b) So 'n parsregister moet by die perseel waar die betrokke druiwe gepars is, bewaar word totdat die brandewyn wat van daardie druiwe geproduseer is, gesertifiseer of andersins verkoop is.

(c) Die raad kan vereis dat die oorspronklike bladsye in so 'n parsregister aan hom voorsien word.

#### **Byvoeging en verwydering van stowwe en toepassing van behandelinge**

9. 'n Deelnemer moet volledige besonderhede ten opsigte van elke byvoeging of verwydering van 'n stof by of uit mos of wyn wat van druiwe verkry is wat uit hoofde van 'n magtiging gepars is, en van elke behandeling wat daarop toegepas word, op die betrokke produksiestaat en wynrekord aanteken.

#### **Bepaling van volume**

10. (1) 'n Deelnemer moet onmiddellik na voltooiing of beëindiging van alkoholiese gisting in die wyn wat van druiwe verkry is wat uit hoofde van 'n magtiging gepars is, die volume van die betrokke wyn bepaal.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) moet sodanige bepaling van volume nie later nie as 31 Julie van die jaar waarin die betrokke druiwe gepars is, gemaak word.

(3) 'n Deelnemer moet die volume aldus bepaal, tesame met die ander toepaslike besonderhede op die betrokke produksiestaat en wynrekord aanteken.

#### **Verwydering en vermenging van mos en wyn**

11. (1) Mos en wyn wat van druiwe verkry is wat uit hoofde van 'n magtiging gepars is, mag nie verwyder word uit die kelder waar die betrokke druiwe gepars is nie.

(2) (a) Mos en wyn wat van druiwe verkry is wat uit hoofde van verskillende magtigings gepars is, mag slegs vermeng word nadat die raad 'n vermengingstaat ten opsigte van die beoogde vermenging aan die betrokke deelnemer uitgereik het.

(b) 'n Aansoek om 'n vermengingstaat moet op 'n vorm gedoen word wat vir dié doel van die raad verkrygbaar is.

(c) So 'n aansoek moet minstens een werksdag voordat die beoogde vermenging gedoen sal word, by die raad ingedien word.

(3) 'n Vermengingstaat word nie uitgereik nie tensy die raad oortuig is dat die mos of wyn wat vir vermenging beoog word, van druiwe verkry is wat op dieselfde landgoed geoes en uit hoofde van verskillende magtigings gepars is.

(4) 'n Deelnemer moet die toepaslike besonderhede in verband met 'n vermenging op die betrokke vermengingstaat en op die onderskeie produksiestate en wynrekords aanteken.

(4) (a) Separate pages of a press register referred to in subsection (3) (a) shall be used to record the particulars in respect of grapes pressed by virtue of different authorities.

(b) Such press register shall be retained at the premises where the grapes concerned were pressed until the brandy produced from those grapes has been certified or sold otherwise.

(c) The board may demand that the original pages in such press register be furnished to it.

#### **Addition and removal of substances and application of treatments**

9. A participant shall record full particulars in respect of each addition or removal of a substance to or from must or wine obtained from grapes that were pressed by an authority, and of each treatment applied thereto, on the relevant production sheet and wine record.

#### **Determination of volume**

10. (1) A participant shall forthwith after completion or termination of alcoholic fermentation in the wine obtained from grapes pressed by virtue of an authority, determine the volume of the wine concerned.

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1), such determination of volume shall be made not later than 31 July of the year in which the grapes concerned were pressed.

(3) A participant shall record the volume thus determined together with the other applicable particulars on the relevant production sheet and wine record.

#### **Removal and blending of must and wine**

11. (1) Must and wine obtained from grapes that were pressed by virtue of an authority shall not for any purpose whatsoever be removed from the cellar at which those grapes were pressed.

(2) (a) Must and wine obtained from grapes that were pressed by virtue of different authorities shall only be blended after the board has issued a blending sheet in respect of the proposed admixing to the participant concerned.

(b) An application for a blending sheet shall be made on a form obtainable from the board for this purpose.

(c) Such application shall be lodged with the board at least one working day before the proposed blending is to be done.

(3) A blending sheet shall not be issued unless the board is satisfied that the must or wine intended for blending has been obtained from grapes harvested on the same estate and pressed by virtue of different authorities.

(4) A participant shall record the applicable particulars in connection with a blending on the blending sheet and on the respective production sheet and wine records.

**Distillering van wyn**

**12.** (1) (a) Wyn wat van druiwe verkry is wat uit hoofde van 'n magtiging gepars is—

- (i) mag slegs op die landgoed waar daardie druiwe geoes is, gedistilleer word; en
- (ii) moet aan die standaard voldoen wat kragtens artikel 9 van die Wet op Beheer oor Wyn en Spiritus, 1970 (Wet No. 47 van 1970), deur die raad bepaal is.

(b) Die apparaat wat vir sodanige distillering gebruik word, moet deel van die permanente toerusting van die betrokke landgoed uitmaak: Met dien verstande dat wyn wat bestem is vir die produksie van potketelbrandewyn bedoel in artikel 9 (1) van die Wet op Beheer oor Wyn en Spiritus, 1970 (Wet No. 47 van 1970), ook in 'n mobiele potketel op die betrokke landgoed gedistilleer mag word.

(2) (a) 'n Deelnemer moet die raad minstens een werksdag vooraf in kennis stel van die datum waarop die distillering van die betrokke wyn 'n aanvang sal neem.

(b) So 'n kennisgewing moet ook—

- (i) die verwysingsnommer van die betrokke produksiestaat of vermengingstaat aandui; en
- (ii) die adres van die betrokke landgoed aandui.

(3) So 'n deelnemer moet die toepaslike besonderhede op 'n distillaatrekord wat vir dié doel van die raad verkrygbaar is, en op die betrokke produksiestaat of vermengingstaat aanteken.

**Vereistes vir landgoedbrandewyn**

**13.** (1) (a) Die bepalings van die Wet met betrekking tot die byvoeging en verwydering van stowwe by en uit spiritualieë en die toepassing van behandelinge op spiritualieë, is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n distillaat ingevolge artikel 12 van hierdie Skema verky, en op landgoedbrandewyn wat uit so 'n distillaat bestaan of uit verskillende distillate opgemaak word.

(b) 'n Deelnemer moet volledige besonderhede ten opsigte van elke byvoeging of verwydering van 'n stof by of uit 'n distillaat of die landgoedbrandewyn daaruit saamgestel, en van elke behandeling wat daarop toegepas word, op die toepaslike distillaatrekord aanteken.

(2) Landgoedbrandewyn moet aan die toepaslike vereistes voldoen wat in die Wet uiteengesit is vir die klasse spiritualieë wat as potketelbrandewyn, brandewyn of vintage-brandewyn, na gelang van die geval, bekend is.

**Oorplasing van brandewyn**

**14.** (1) Landgoedbrandewyn mag slegs vir die doeleindes van finale stabilisasie, filtrasie en botteling na 'n ander perseel oorgeplaas word vanaf die kelder waar daardie landgoedbrandewyn geproduseer is.

(2) (a) 'n Deelnemer moet die raad minstens een werksdag vooraf in kennis stel van die datum waarop landgoedbrandewyn aldus oorgeplaas sal word.

**Distillation of wine**

**12.** (1) (a) Wine obtained from grapes that were pressed by virtue of an authority shall—

- (i) only be distilled on the estate where those grapes were harvested; and
- (ii) comply with the standards determined by the board under section 9 of the Wine and Spirit Control Act, 1970 (Act No. 47 of 1970).

(b) The apparatus used for such distillation shall form part of the permanent equipment of the estate concerned: Provided that wine intended for the production of pot still brandy referred to in section 9 (1) of the Wine and Spirit Control Act, 1970 (Act No. 47 of 1970), may also be distilled in a mobile pot still on the estate concerned.

(2) (a) A participant shall notify the board at least one working day beforehand of the date on which the distillation of the wine concerned will commence.

(b) Such notice shall also specify—

- (i) the reference number of the relevant production sheet or blending sheet; and
- (ii) the address of the estate concerned.

(3) Such a participant shall record the applicable particulars on a distillate record obtainable from the board for this purpose, and on the production sheet or blending sheet concerned.

**Requirements for estate brandy**

**13.** (1) (a) The provisions of the Act with regard to the addition and removal of substances to and from spirits and the application of treatments to spirits shall apply *mutatis mutandis* to a distillate obtained in terms of section 12 of this Scheme, and to estate brandy consisting of such distillate or constituted from different distillates.

(b) A participant shall record full particulars in respect of each addition or removal of a substance to or from a distillate or the estate brandy constituted therefrom, and of each treatment applied thereto, or the applicable distillate record.

(2) Estate brandy shall comply with the applicable requirements set out in the Act for the classes of spirits known as pot still brandy, brandy or vintage brandy, as the case may be.

**Transfer of brandy**

**14.** (1) Estate brandy shall only for purposes of final stabilisation, filtration and bottling be transferred to other premises from the cellar at which that estate brandy was produced.

(2) (a) A participant shall notify the board at least one working day beforehand of the date on which estate brandy will be thus transferred.

- (b) So 'n kennisgewing moet ook—
- (i) die verwysingsnommer van die betrokke distillaatrekord aandui; en
  - (ii) die adres van die perseel waarheen die betrokke landgoedbrandewyn oorgeplaas sal word, aandui.
- (3) So 'n deelnemer moet die toepaslike besonderhede in verband met 'n oorplasing op die betrokke distillaatrekord aanteken.
- (4) Die persoon in beheer van die kelder waarheen landgoedbrandewyn aldus oorgeplaas is, moet—
- (a) die raad onverwyld van die ontvangs van die betrokke landgoedbrandewyn in kennis stel; en
  - (b) die toepaslike besonderhede ten opsigte van alle handelinge wat met betrekking tot die betrokke landgoedbrandewyn verrig word, op 'n distillaatrekord wat vir dié doel van die raad verkrygbaar is, aanteken.
- (5) Landgoedbrandewyn wat ingevolge die bepalings van hierdie artikel oorgeplaas is, mag nie na enige ander perseel oorgeplaas word nie tensy—
- (a) dit gesertifiseer is; of
  - (b) dit teruggestuur word na die landgoed waar dit geproduseer is.
- (6) Wanneer landgoedbrandewyn teruggestuur word soos in subartikel (5) (b) beoog, moet die betrokke deelnemer—
- (a) die raad onverwyld van die ontvangs van daardie landgoedbrandewyn in kennis stel; en
  - (b) onverwyld die tersaaklike besonderhede in verband met die ontvangs van daardie landgoedbrandewyn en van enige verdere handeling daarmee of in verband daarmee, op die toepaslike distillaatrekord aanteken.

**Vereistes betreffende houers**

**15.** (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) moet landgoedbrandewyn in glashouers met 'n inhoudsvermoë van hoogstens een liter elk gebottel word.

(2) Die raad kan op skriftelike aansoek vrystelling van die bepalings van subartikel (1) verleen.

**Bottelingsvereistes**

**16.** (1) (a) Iemand wat beoog om landgoedbrandewyn te bottel, moet die raad minstens een werksdag vooraf in kennis stel van die datum waarop sodanige bottelering 'n aanvang sal neem.

- (b) So 'n kennisgewing moet ook—
- (i) die verwysingsnommer van die distillaatrekord wat ten opsigte van die betrokke landgoedbrandewyn gehou word, aandui;
  - (ii) die identifikasienommer van die tenk of ander stortmaathouer waarin die betrokke landgoedbrandewyn gehou word, aandui;
  - (iii) die totale volume landgoedbrandewyn wat gebottel sal word, aandui;

- (b) Such notice shall also specify—
- (i) the reference number of the relevant distillate record; and
  - (ii) the address of the premises to which the estate brandy concerned is to be transferred.
- (3) Such participant shall record the applicable particulars in connection with a transfer on the distillate record concerned.
- (4) The person in charge of a cellar to which estate brandy is thus transferred shall—
- (a) forthwith notify the board of the receipt of the estate brandy concerned; and
  - (b) record the applicable particulars in respect of all acts performed with regard to the estate brandy concerned, on a distillate record obtainable from the board for this purpose.
- (5) Estate brandy that has been transferred in terms of the provisions of this section shall not be transferred to any other premises unless—
- (a) it has been certified; or
  - (b) it is returned to the estate where it was produced.
- (6) When estate brandy is returned as contemplated in subsection (5) (b) the participant concerned shall—
- (a) forthwith notify the board of the receipt of that brandy; and
  - (b) forthwith record the applicable particulars in connection with the receipt of that estate brandy and of any further act therewith or in connection therewith, on the applicable distillate record.

**Requirements relating to containers**

**15.** (1) Subject to the provisions of subsection (2), estate brandy shall be bottled in glass containers with a capacity of not more than one litre each.

(2) The board may on written application grant exemption from the provisions of subsection (1).

**Bottling requirements**

**16.** (1) (a) A person who intends to bottle estate brandy shall notify the board at least one working day beforehand of the date on which such bottling will commence.

- (b) Such notice shall also specify—
- (i) the reference number of the distillate record kept in respect of the estate brandy concerned;
  - (ii) the identification number of the tank or other bulk container in which the estate brandy concerned is kept;
  - (iii) the total volume of estate brandy to be bottled;

- (iv) die inhoudsvermoë van die houers waarin die betrokke landgoedbrandewyn gebottel sal word, aandui; en
- (v) die adres an die perseel aandui waar die betrokke landgoedbrandewyn gebottel sal word.
- (2) Iemand wat die raad aldus in kennis gestel het, moet—
  - (a) deur die loop van elke werksdag die toepaslike besonderhede in verband met die bottelering van die betrokke landgoedbrandewyn aanteken op die distillaaterekord wat ten opsigte daarvan bygehou word; en
  - (b) die houers waarin die betrokke landgoedbrandewyn gebottel is, onmiddellik na bottelering identifiseer—
    - (i) deur seëls wat ingevolge artikel 18 van hierdie Skema ten opsigte van daardie landgoedbrandewyn uitgereik is, daaraan te heg;
    - (ii) deur plaketikette daaraan te heg waarop die verwysingsnommer van die betrokke distillaaterekord en die datum van bottelering van daardie landgoedbrandewyn aangedui is; of
    - (iii) op 'n ander wyse wat die raad na oorweging van 'n skriftelike aansoek van die betrokke persoon goedgekeur het.

#### **Vereistes betreffende etikette**

- 17.** (1) Slegs etikette wat deur die raad vir dié doel goedgekeur is, mag aan houers van landgoedbrandewyn geheg word.
- (2) 'n Aansoek om 'n goedkeuring in subartikel (1) bedoel, gaan vergesel van drie eksemplare van elkeen van die betrokke etikette.
- (3) So 'n aansoek word slegs goedgekeur indien die raad oortuig is dat—
- (a) die toepaslike besonderhede deur die Wet vereis, op die betrokke etikette aangedui word op 'n wyse deur die Wet vereis;
  - (b) die naam waaronder die betrokke landgoed omskryf is, en die uitdrukking "landgoed" of "estate" op die betrokke hoofetiket aangedui word op die wyse in subartikel (4) uiteengesit; en
  - (c) enige ander woord, uitdrukking, illustrasie of afbeelding wat op die betrokke etikette aangedui word—
    - (i) nie die sertifisering van die betrokke landgoedbrandewyn kwalifiseer of in stryd met sodanige sertifisering is nie;
    - (ii) nie neerhalend, onakkuraat, onwaar of vaag met betrekking tot die sertifisering van die betrokke landgoedbrandewyn of met betrekking tot brandewyn in die algemeen is nie; en
    - (iii) nie so aangedui word dat dit 'n oortreding van artikel 12 van die Wet daarstel nie.

- (iv) the capacity of the containers in which the estate brandy concerned is to be bottled; and
- (v) the address of the premises at which the estate brandy concerned is to be bottled.
- (2) A person who has notified the board thus shall—
  - (a) during the course of each working day record the applicable particulars in connection with the bottling of the estate brandy concerned on the distillate record kept in respect thereof; and
  - (b) immediately after bottling identify the containers in which the estate brandy concerned is bottled—
    - (i) by affixing thereto seals that were issued in terms of section 18 of this Scheme in respect of that estate brandy;
    - (ii) by affixing thereto stickers on which the reference number of the distillate record concerned and the date of bottling of that estate brandy are indicated; or
    - (iii) in another manner approved by the board after consideration of a written application by the person concerned.

#### **Requirements relating to labels**

- 17.** (1) Only labels approved by the board for this purpose shall be affixed to containers of estate brandy.
- (2) An application for an approval referred to in subsection (1) shall be accompanied by three specimens of each of the labels concerned.
- (3) Such application shall be approved only if the board is satisfied that—
- (a) the applicable particulars required by the Act are indicated on the labels concerned in the manner required by the Act;
  - (b) the name under which the estate concerned is defined, and the expression "estate" or "landgoed" are indicated on the main label concerned in the manner set out in subsection (4); and
  - (c) any other word, expression, illustration or depiction indicated on the labels concerned—
    - (i) does not qualify the certification of the estate brandy concerned or is in conflict with such certification;
    - (ii) is not derogatory, inaccurate, untrue or vague with regard to the certification of the estate brandy concerned or with regard to brandy in general; and
    - (iii) is not indicated in such a manner that it constitutes a contravention of section 12 of the Act.

(4) (a) Die besonderhede in subartikel (3) (b) bedoel, moet op so 'n wyse op 'n etiket aangedui word dat dit duidelik blyk dat die uitdrukking "landgoed" of "estate" op die omskrewe naam van die betrokke landgoed betrekking het.

(b) Die besonderhede in subartikel (3) (b) bedoel, moet in letters en syfers aangedui word—

- (i) wat op 'n eenvormige en duidelik kontrasterende agtergrond verskyn;
- (ii) wat duidelik leesbaar is;
- (iii) wat onuitwisbaar gedruk is; en
- (iv) waarvan die minimum vertikale hoogte, in die geval van 'n etiket met oppervlakte soos in kolom 1 van die tabel hieronder aangedui, is soos in kolom 2 van genoemde tabel daarteenoor aangedui:

Oppervlakte van etiket	Minimum vertikale hoogte van letters en syfers
1	2
Minder as 2 500 mm <sup>2</sup> .....	1,5 mm
2 500–7 000 mm <sup>2</sup> .....	2,0 mm
Meer as 7 000 mm <sup>2</sup> .....	3,0 mm

(c) Vir die doeleindes van paragraaf (b) (iv) word die oppervlakte van 'n etiket wat nie reghoekig of vierkantig is nie, bereken deur die maksimum vertikale hoogte daarvan met die maksimum horisontale breedte daarvan te vermenigvuldig.

**Seëls op houers**

18. (1) Landgoedbrandewyn word slegs ooreenkomstig die bepalinge van artikel 19 van hierdie Skema vir sertifisering aangebied nadat 'n seël wat vir dié doel op aansoek van die raad verkrygbaar is, aan elke houer van daardie landgoedbrandewyn geheg is.

- (2) Sodanige seëls—
  - (a) word slegs deur die raad uitgereik nadat die etikette wat aan die houers van die betrokke landgoedbrandewyn geheg sal word, ingevolge artikel 17 van hierdie Skema goedgekeur is; en
  - (b) moet op die wyse deur die raad bepaal, aan die betrokke houers geheg word.

(3) Die toepaslike geld wat die raad vir dié doel bepaal, is betaalbaar ten opsigte van seëls wat aldus uitgereik is.

(4) Iemand aan wie seëls uitgereik is, moet deur die loop van elke werksdag die toepaslike besonderhede in verband met die aanhegting daarvan aan houers, op die toepaslike distillaatrekord aanteken.

(5) Ongebruikte of beskadigde seëls moet binne agt maande na die datum van uitreiking daarvan, of ten tyde van die aanbieding vir sertifisering van die betrokke landgoedbrandewyn, watter datum ook al die vroegste is, aan die raad terugbesorg word.

(4) (a) The particulars referred to in subsection (3) (b) shall be indicated on a label in such a manner that it is clearly evident that the expression "estate" or "landgoed" relates to the defined name of the estate concerned.

(b) The particulars referred to in subsection (3) (b) shall be indicated in letters and figures—

- (i) that appear on a uniform and clearly contrasting background;
- (ii) that are clearly legible;
- (iii) that are printed indelibly; and
- (iv) of which the minimum vertical height, in the case of a label with area as specified in column 1 of the table hereunder, is as specified in column 2 of the said table opposite thereto:

Area of label	Minimum vertical height of letters and figures
1	2
Less than 2 500 mm <sup>2</sup> .....	1,5 mm
2 500–7 000 mm <sup>2</sup> .....	2,0 mm
More than 7 000 mm <sup>2</sup> .....	3,0 mm

(c) For the purposes of paragraph (b) (iv) the area of a label that is not square or rectangular shall be calculated by multiplying the maximum vertical height thereof with the maximum horizontal width thereof.

**Seals on containers**

18. (1) Estate brandy shall only be presented for certification in accordance with the provisions of section 19 of the Scheme after a seal obtainable on application from the board for this purpose has been affixed to each container of that estate brandy.

- (2) Such seals shall—
  - (a) be issued by the board only after the labels to be affixed to the containers of the estate brandy concerned have been approved in terms of section 17 of this Scheme; and
  - (b) be affixed to the containers of the estate brandy concerned in the manner determined by the board.

(3) The applicable fee determined by the board for this purpose shall be payable in respect of seals thus issued.

(4) A person to whom seals have been issued shall during the course of each working day record the applicable particulars in connection with the affixing thereof to containers, on the applicable distillate record.

(5) Unused or damaged seals shall within eight months of the date of issue thereof, or at the time of presentation of the estate brandy concerned for certification whichever date may be the earlier, be returned to the board.

**Aanbieding vir sertifisering**

**19.** (1) (a) 'n Aansoek om die sertifisering van landgoedbrandewyn moet—

- (i) op 'n vorm gedoen word wat vir dié doel van die raad verkrygbaar is; en
- (ii) vergesel gaan van een eksemplaar van elke etiket wat aan die houers van die betrokke landgoedbrandewyn geheg is.

(b) Die toepaslike geld wat die raad vir dié doel bepaal, is ten opsigte van so 'n aansoek betaalbaar.

(c) Afsonderlike aansoeke moet aldus ingedien word ten opsigte van landgoedbrandewyn waarvan die besonderhede op afsonderlike distillaatreekords aangeteken is.

(2) Indien 'n aansoeker die raad minstens drie werksdae vooraf in kennis gestel het van sy voorneme om so 'n aansoek in te dien, kan daardie aansoek aan 'n amptenaar of verteenwoordiger van die raad oorhandig word wanneer hy die state en rekords in subartikel (3) (a) bedoel, ondersoek.

(3) 'n Aansoek in subartikel (1) bedoel, word slegs goedgekeur indien die raad oortuig is dat—

- (a) dit uit die betrokke produksiestaat, wynrekord, vermengingstaat en distillaatreekord, asook uit sodanige ander gegewens waaroor die raad beskik, blyk dat die bepalings van hierdie Skema en die voorwaardes deur die raad bepaal, in verband met die produksie van die betrokke landgoedbrandewyn nagekom is;
- (b) die betrokke landgoedbrandewyn aan die toepaslike vereistes voldoen wat in die regulasies kragtens die Wet uitgevaardig, uiteengesit is; en
- (c) die toepaslike etikette en seëls op die houers van die betrokke landgoedbrandewyn geheg of aangebring is.

(4) Die sertifisering van landgoedbrandewyn word bevestig deur middel van 'n sertifikaat in die vorm deur die raad bepaal.

**Aantekens van besonderhede**

**20.** (1) Benewens die besonderhede wat elders in hierdie Skema vereis word, moet besonderhede van die volgende handeling met of in verband met 'n distillaat ook op die toepaslike distillaatreekord aangeteken word:

- (a) Die distillering van die betrokke distillaat.
- (b) Die byvoeging van die betrokke distillaat by wyn.
- (c) Die vermenging van die betrokke distillaat met 'n ander distillaat.
- (d) Die beweging van die betrokke distillaat tussen houers waarin dit opgeberg of verouder word.
- (e) Die byvoeging en verwydering van stowwe by en uit die betrokke distillaat.

**Presentation for certification**

**19.** (1) (a) An application for the certification of estate brandy shall—

- (i) be made on a form obtainable from the board for this purpose; and
- (ii) be accompanied by one specimen of each of the labels affixed to the containers of the estate brandy concerned.

(b) The applicable fee determined by the board for this purpose shall be payable in respect of such application.

(c) Separate applications shall be submitted thus in respect of estate brandy of which the particulars are recorded on separate distillate records.

(2) If an applicant has notified the board at least three working days beforehand of his intention to lodge such application, that application may be handed to an official or representative of the board when he inspects the records and sheets referred to in subsection (3) (a).

(3) An application referred to in subsection (1) shall be approved only if the board is satisfied that—

- (a) it appears from the production sheet, wine record, blending sheet and distillate record concerned, as well as from any other particulars at the disposal of the board, that the provisions of this Scheme and the conditions determined by the board have been complied with in connection with the estate brandy concerned;
- (b) the estate brandy concerned complies with the applicable requirements set out in the regulations made under the Act; and
- (c) the applicable labels and seals have been affixed to or placed on the containers of such estate brandy.

(4) The certification of estate brandy shall be confirmed by means of a certificate in the form determined by the board.

**Recording of particulars**

**20.** (1) In addition to the particulars required elsewhere in this Scheme, particulars of the following acts with or in connection with a distillate shall also be recorded on the applicable distillate record:

- (a) The distillation of the distillate concerned.
- (b) The addition of the distillate concerned to wine.
- (c) The admixing of the distillate concerned with another distillate.
- (d) The movement of the distillate concerned between containers in which it is stored or matured.
- (e) The addition and removal of substances to and from the distillate concerned.

- (f) Die toepassing van behandelinge op die betrokke distillaat.
- (g) Die veroudering van die betrokke distillaat, en van die vate waarin dit verouder word.
- (h) Die stabilisasie, filtrasie en bottelering van die betrokke landgoedbrandewyn.
- (i) Die voorkoms van verliese tydens distillering, veroudering, stabilisasie, filtrasie en bottelering.

(2) Behalwe waar elders in hierdie Skema uitdruklik anders bepaal word, moet die besonderhede wat op 'n parsregister, produksiestaat, wynrekord, vermengingstaar en distillaatrekord aangeteken moet word, laastens op die werksdag volgende op die werksdag waarop die betrokke aantekbare handeling plaasgevind het, aldus aangeteken word.

#### **Beëindiging van deelname aan Skema**

**21.** (1) (a) 'n Deelnemer kan te eniger tyd deur middel van skriftelike kennisgewing aan die raad sy deelname aan hierdie Skema met betrekking tot die wyn wat van druiwe verkry is wat uit hoofde van 'n magtiging gepars is, of 'n distillaat wat van sodanige wyn gedistilleer is, of brandewyn wat geheel of gedeeltelik uit sodanige distillaat bestaan, beëindig.

(b) 'n Kennisgewing in paragraaf (a) bedoel, moet vergesel gaan van die produksiestaat, wynrekord, vermengingstaar en distillaatrekord wat ten opsigte van die betrokke wyn, distillaat of landgoedbrandewyn gehou word.

(2) (a) Indien die raad te eniger tyd oortuig is dat 'n deelnemer geweier of versuim het om enige bepaling van hierdie Skema of 'n voorwaarde deur die raad bepaal, na te kom, kan die raad by skriftelike kennisgewing aan so 'n deelnemer sy deelname aan hierdie Skema opskort of beëindig, hetsy in die algemeen of met betrekking tot 'n bepaalde wyn, distillaat of landgoedbrandewyn.

(b) 'n Deelnemer wat aldus in kennis gestel is, moet die produksiestaat, wynrekord, vermengingstaar en distillaatrekord wat ten opsigte van die betrokke wyn, distillaat of landgoedbrandewyn gehou word, binne 30 dae na die datum van so 'n kennisgewing aan die raad terugstuur.

(c) 'n Opskorting van deelname aan hierdie Skema in die algemeen ingevolge paragraaf (a) is geldig vir die tydperk wat die raad in elke geval bepaal.

#### **Betaling van gelde**

**22.** (1) 'n Bedrag wat ingevolge hierdie Skema betaalbaar is, moet—

- (a) aan die raad betaal word; en
- (b) behoudens die bepalings van subartikel (3), betaal word binne 30 dae na die datum van uitreiking van 'n staat wat die bedrag weergee wat verskuldig is.

(f) The application of treatments to the distillate concerned.

(g) The maturation of the distillate concerned, and of the vats in which it is matured.

(h) The stabilisation, filtration and bottling of the estate brandy concerned.

(i) The occurrence of losses during distillation, maturation, stabilisation, filtration and bottling.

(2) Except where expressly provided otherwise in this Scheme, the particulars required to be recorded on a press register, production sheet, wine record, blending sheet and distillate record in terms of this Scheme shall be thus recorded not later than the working day following the working day on which the recordable act concerned has occurred.

#### **Termination of participation in Scheme**

**21.** (1) (a) A participant may at any time by means of a written notice to the board terminate his participation in this Scheme with regard to wine virtue of an authority, of a distillate distilled from such wine, or estate brandy that wholly or partially consists of such distillate.

(b) A notice referred to in paragraph (a) shall be accompanied by the production sheet, wine record blending sheet and or distillate record kept in respect of the wine, distillate or estate brandy concerned.

(2) (a) If the board is at any time satisfied that a participant has refused or failed to comply with any provision of this Scheme or a condition determined by the board, the board may by written notice to such person suspend or terminate his participation in this Scheme, either in general or with regard to a particular wine, distillate or estate brandy.

(b) A participant who has been thus notified within 30 days of the date of such notice shall return the production sheet, wine record and blending sheet and distillate record kept in respect of the wine, distillate or estate brandy concerned to the board.

(c) A suspension of participation in this Scheme in general in terms of paragraph (a) shall be valid for such period as the board may in each case determine.

#### **Payment of fees**

**22.** (1) An amount payable in terms of this Scheme shall—

- (a) be paid to the board; and
- (b) subject to the provisions of subsection (3), be paid within 30 days of the date of issue of a statement reflecting the amount due.

(2) Indien 'n persoon weier of versuim om die bedrag weergegee in 'n staat in subartikel (1) (b) bedoel, te betaal binne die tydperk kragtens daardie subartikel toegelaat—

- (a) word sodanige bedrag onmiddellik betaalbaar tesame met rente daarop, bereken vanaf die datum van uitreiking van die betrokke staat en teen 'n koers wat die raad bepaal; en
- (b) kan die raad die uitdrukking van seëls ingevolge artikel 18 van hierdie Skema aan die betrokke persoon, en die sertifisering van landgoedbrandewyn ten opsigte waarvan sodanige persoon 'n aansoek ingevolge artikel 19 van hierdie Skema ingedien het, opskort totdat die bedrag en rente in paragraaf (a) bedoel, betaal is.

(3) Indien die raad by meer as een geleentheid die lewering van dienste aan 'n persoon opgeskort het soos in subartikel (2) (b) beoog, kan hy vereis dat die betrokke persoon—

- (a) die toepaslike bedrae wat ingevolge hierdie Skema bepaal is, betaal wanneer hy die tersaaklike aansoeke by die raad indien; of
- (b) 'n deposito handhaaf of 'n waarborg verstrek vir 'n bedrag wat die raad bepaal.

(2) If a person refuses or fails to pay the amount reflected in a statement referred to in subsection (1) (b), within the period permitted under that subsection—

- (a) such amount shall become immediately payable together with interest thereon, calculated from the date of issue of the statement concerned and at a rate determined by the board; and
- (b) the board may suspend the issue of seals in terms of section 18 of this Scheme to the person concerned, and the certification of estate brandy in respect of which such person lodged an application in terms of section 19 of this Scheme, until the amount and interest referred to in paragraph (a) have been paid.

(3) If the board had at more than one occasion suspended the rendering of services to a person as contemplated in subsection (2) (b), it may require that the person concerned shall—

- (a) pay the applicable amounts determined in terms of this Scheme when he lodges the relevant application with the board; or
- (b) maintain a deposit or furnish a guarantee for an amount determined by the board.

# **BELANGRIK!!**

## **Plasing van tale:**

### ***Staatskoerante***

1. Hiermee word bekendgemaak dat die omruil van tale in die *Staatskoerant* jaarliks geskied met die eerste uitgawe in Oktober.
2. Vir die tydperk 1 Oktober 1993 tot 30 September 1994 word Afrikaans EERSTE geplaas.
3. Hierdie reëling is in ooreenstemming met dié van die Parlement waarby koerante met Wette ens. die taalvolgorde deurgaans behou vir die duur van die sitting.
4. ***Dit word dus van u, as adverteerder, verwag om u kopie met bogenoemde reëling te laat strook om onnodige omskakeling en stylredigering in ooreenstemming te bring.***




# **IMPORTANT!!**

## **Placing of languages:**

### ***Government Gazettes***

1. Notice is hereby given that the interchange of languages in the *Government Gazette* will be effected annually from the first issue in October.
2. For the period 1 October 1993 to 30 September 1994, Afrikaans is to be placed FIRST.
3. This arrangement is in conformity with Gazettes containing Act of Parliament etc. where the language sequence remains constant throughout the sitting of Parliament.
4. ***It is therefore expected of you, the advertiser, to see that your copy is in accordance with the above-mentioned arrangement in order to avoid unnecessary style changes and editing to correspond with the correct style.***

Werk mooi daarmee

Ons leef  daarvan

*water is kosbaar*

---

Use it

Don't abuse  it

*water is for everybody*

INHOUD			CONTENTS		
No.		Bladsy No. Koerant No.	No.		Page No. Gazette No.
<b>GOEWERMENSKENNISGEWINGS</b>			<b>GOVERNMENT NOTICES</b>		
<b>Landbou, Departement van</b>			<b>Agriculture, Department of</b>		
<i>Goewermenskennisgewings</i>			<i>Government Notices</i>		
R. 2136	Drankprodukte: Toepassing van sekere bepalings: Verkoop van landgoed- brandewyn.....	1 15258	R. 2136	Liquor Products: Application of certain provisions: Sale of estate brandy .....	1 15258
R. 2137	do.: Instelling van Landgoedbrande- wyskema.....	2 15258	R. 2137	do.: Establishment of Estate Brandy Scheme .....	2 15258